

5 November

Skrifgedeelte: Psalm 40:1-18

Fokusgedeelte: Psalm 40:8 (1983-vertaling)

God se kerk toon hulle lewe deur hulle verhale van redding

Elke gelowige leef onder die sambreel van God se onverdiende genade. Dit eis van ons dankbare reaksie. Dawid het in groot nood verkeer. Hy noem dit die put van die dood met slymerige modder. Om diep onder in 'n donker put te wees, sonder vastigheid onder jou voete, is angswekkend.

Óns was al vele kere in die put van die dood. Vir jou was dit moontlik jou egskeiding of jou bagasie wat jy uit die verlede saamsleep, of jou werksdruk, jou siekte, jou intense verlange as jongmens na opregte liefde en erkenning. Die put van dood is egter veral die slymerige modder van jou sonde wat jou na benede meesleur. Wie ken nie sy eie magteloosheid rondom sy eie sonde nie?

Die Here trek telkens sy kinders uit die put en plaas hulle op 'n vaste rots. Op Golgota het Jesus Christus in ons plek ondergegaan in die doodspuit om ons daar uit te lig. Daarom kan die gelowige nie stilbly nie. Dawid borrel van dank. Hy getuig in die gemeente van die goeie en troue Here se reddende werk (vs 10).

Jou beproewings en veral die redding deur die Here was nie sonder rede nie, ook nie net vir jouself nie. Deur sy reddende daade berei Hy elke gelowige voor vir getuienislewering. Hy maak ons monde oop deur sy genade. So word die kerk draers van goeie nuus wat oral hul verhale tot geloofsopbou vertel. In ons verhale van redding lê die polsende lewe van die kerk.

Neem deel aan die dankbare kerk se getuienis: ons het nie ondergegaan nie, ons lewe, want die Here is goed en getrou. Verlose – gaan en getuig!

Sing: Psalm 40:5 (1936-beryming)

Ds JGL van der Walt (Worcester)